

Verwondering oor God

Hierdie is een van die min psalms wat in die psalm self 'n loflied genoem word (145:1, 21). Om hierdie lied maklik van buite te leer, het die skrywer die Hebreeuse alfabet gebruik. Dit beteken dat elke reël in die oorspronklike taal begin met 'n letter van die alfabet.

Hierdie psalm is die laaste een van die kort versameling van Dawid-psalms en vorm terselfdertyd die oorgang na die laaste versameling van die psalmbundel, naamlik die Halleluja-psalms, waarin alles en almal opgeroep word om die Here te loof.

Hierdie psalm kan in twee dele verdeel word, naamlik 145:1-9 en 145:10-21. 'n Woord uit die vorige psalm dien hier as sleutelwoord in die verdeling van die psalm. Die woord "loof" beteken om gelukkig te prys. Dit word aan die begin van die eerste, die middelste en die laaste strofe gebruik en dan wel so dat dit na 'n hoogtepunt toe werk. Sleutelgedagtes kom in die verskillende onderdele voor om klem te bewerkstellig: grootheid (vs 3), genadig en barmhartig (vs 8-9), heerskappy en getrouheid (vs 17).

Die betekenis van Psalm 145 is aangrypend: die Here se koningskap sluit alles en almal in. Die woorde "alles" en "almal" kom by herhaling voor in verse 10-21. Alle eer en lof kom die Here toe. Die psalmdigter weet dat die Here goed, barmhartig, genadig, liefdevol, regverdig en naby almal is wat Hom in opregtheid aanroep.

Die oorheersende indruk wat Psalm 145 laat, is die digter se verwondering oor die Here – sy lof, sy ondeurgrondelike grootheid, sy luister, die heerlikheid van sy majesteit, sy magtige daede, sy wonderdade, sy sorg, sy bewoënhed oor die wat geval het. Ook die klein dingetjies wat in God se raadsplan konstituerende komponente word van 'n groter geheel, oorstyg die som van die *klein-dingetjies-bymekaar-getel*. Dit plas oor die rande na alle kante. Egte verwondering is die punt waar *verstaan* en *snap* en *begryp* en *kleinkry* moet terugstaan. Ons kan ons net daaroor en daaraan verwonder. God is die Alleenouteur. Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik. Laat al wat leef, sy heilige Naam vir altyd prys.

Sing: Psalm 145:1-5, 12 (1936)

Dr PW Bingle (Emeritus)